

© Die Oratorium Uitgewery

# ST. HONORATUS VAN ARLES

## 16 JANUARIE

(c. 350-429)

Hy is in Sentraal-Gallië (moderne Frankryk) uit 'n Romeinse senatorsfamilie gebore. Hy word Christen en gaan na Griekeland saam met sy broer Venantius en St. Caprosius om ervaring van die kloosterlewe op te doen. Terug in Gallië stig hy rondom die jaar 400 'n kloostergemeenskap (die latere beroemde abdy) in Lérins. In 426 word hy aangestel as aartsbiskop van Arelate (moderne Arles).